# DIE PIETERMARITZBURGSE DEBAT EN LETTERKUNDIGE VERENIGING, 1908-1918

**P.J.J. Prinsloo**
*Vaaldriehoekkampus*
*PU vir CHO*
*Posbus 1174*
*1900 Vanderbijlpark*

**The Pietermaritzburg Debate and Literary Society, 1908-1918**

During the period before cinemas commercialised entertaining, debating societies had fulfilled an important social function. In addition, the debating society members, through their involvement, improved their communication skills, reinforced their love for language and increased their knowledge regarding literature, poetry and history.

These pleasant gatherings actually became the informal mediums for cultivating the Afrikaner culture in Natal. Virtually all achievements in the field of the Afrikaner culture originated from debating and youth societies.

In this article, this development is linked to the cultural environment in Natal and the broader cultural movement in the Afrikaner community at a macro-level. At micro-level, the review of the activities of the Pietermaritzburg Debating and Literary Society presents a cultural image of the trials and tribulations which arose from the monthly activities of this society.

In die tydperk voordat bioskope vermaak gekommersialiseer het, het debatsverenigings 'n belangrike sosiale funksie vervul. Op die koop toe het die debatsverenigingslede deur hierdie betrokkenheid hul kommunikasie vaardighede verbeter, hul taalliefde versterk, asook hul kennis aangaande die letterkunde, die digkuns en die geskiedenis verruim. Hierdie verenigings is daarom ook as die leke se universiteit bestempel.

Hierdie gesellige byeenkomste het in der waarheid die informele kweekplekke van die Afrikanerkultuur in Natal geword. Bykans alle prestasies op die Afrikanerkultuur gebied in Natal het hul oorsprong in debats- en jongeliedeverenigings gehad.

In die artikel word hierdie ontwikkeling op 'n makrovlak aan die kultuurmilieu in Natal en die breër kulturele beweging in Afrikanergeledere gekoppel. Op mikrovlak bied hierdie oorsig van die werksaamhede van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging 'n kultuurbeeld van die lief en leed wat uit hierdie vereniging se maandelikse bedrywighede gerekonstrueer is.

## Inleiding

Die plek en rol van die Afrikanerkultuur in die breër Suid-Afrikaanse konteks staan tans opnuut in die brandpunt van die openbare debat. Nagenoeg 86 jaar gelede het 'n klein groepie besielde Afrikaners in Pietermaritzburg deur die onbeskeie uitlewing van hul liefde vir hul taal, 'n merkwaardige kulturele prestasie behaal. Die sentrale tema van hierdie artikel handel oor die kulturele bydrae wat die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige

Vereniging (PDLV) gedurende die vereniging se beslaggewingsfase, in belang van die Afrikaners in Natal gelewer het.

Hierdie afbakening impliseer dat daar nie op die ander organisasies, soos die Christelike Jongeliedevereniging (CJV), die Waaksaamheidskommissie, die Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende, die Voortrekkermuseumkomitee en die Boerevereniging, in hierdie Afrikanergemeenskap gefokus word nie.

**Die kultuurmilieu in Natal**

Die moeilike bestaanstryd na die Tweede Vryheidsoorlog het tot die vroeë verstedeliking van Afrikaners gelei. Hoewel die verstedeliking van Afrikaners na Pietermaritzburg ook na hierdie oorlog momentum gekry het, het hulle 'n minderheidsgroep in die Natalse hoofstad gevorm. Slegs 'n klein onbekende getal Afrikaners het daarom teen 1906 deel van die nagenoeg 18 000 blanke inwoners van die stad gevorm.[1] Na afloop van 'n dekade het hulle getalle ook nie dramaties verhoog nie. Teen 1917 was daar byvoorbeeld slegs 134 kinders wat kategeseklasse in die Nederduitse Gereformeerde (NG) gemeente van Pietermaritzburg bygewoon het.[2] Gedurende 1918 was daar ook nie veel meer as 100 Afrikaanssprekende kinders in Pietermaritzburg op skool nie.[3]

Ten spyte van hierdie omstandighede het die eerste pogings na die Tweede Vryheidsoorlog om 'n herontwaking in die Natalse Afrikanergeledere te bewerkstellig, vanuit Pietermaritzburg momentum gekry. Dit was veral *De Afrikaner*, die enigste Hollands-Afrikaanse dagblad in Natal, wat 'n uiters belangrike rol gespeel het om sy lesers se volksgevoel op te wek.[4]

'n Klein groepie leiersfigure het sedert 1906 leiding in die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekende gemeenskap geneem. Hul visie was om die Afrikaner se selfbewussyn so te ontwikkel dat hulle deur die benutting van hul kultuurgoedere 'n gelykwaardige staanplek teenoor die diepgewortelde Britse tradisie in Natal kon inneem.[5]

Adv. E.G. Jansen,[6] wat as segsman van hierdie leiersfigure opgetree het, het in 'n ontboeseming hierdie milieu waarin hy geleef het en sy missie asook vertwyfeling om met die bogenoemde gemeenskapsbetrokkenheid voort te gaan, soos volg verwoord:

> Ek is so magteloos om die vooroordeel van my stadgenote te bestrij, en om dag na dag in die onsimpatieke omgewing te bly, maak mij moedeloos. Om hierdie plek te verlaat sou dadelik deur ons vijande (d.i. Engelssprekendes) as 'n neerlaag vir ons beskouw word en wegloop wil ek nie. Is dit dan maar mij lot om mij hele lewe te slijt in 'n omgewing waar ek nie thuis is nie?

---

Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960,* verslag no. 02-02-01 (Pretoria, 1968), p. 168; kyk ook Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970,* verslag no. 02-05-12 (Pretoria, 1976), p. 105, (In hierdie statistieke word die getalle van die bevolkingsgroepe nie apart aangetoon nie).

2. *De Afrikaner,* 6-2-1917: berig.
3. *De Afrikaner,* 25-1-1918: berig.
4. Vir 'n vollediger uiteensetting van hierdie onderwerp kan P.J.J. Prinsloo, *E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal* (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1987), pp. 186 e.v. geraadpleeg word; G.S. Nienaber, *Die Afrikaanse beweging,* deel 1: geskiedkundige oorsig (Pretoria, 1931), p. 124; kyk ook *De Afrikaner,* 7-12-1905: hoofartikel.
5. G. Besselaar, *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur* (Pretoria, 1941), p. 53.
6. Vgl. P.J.J. Prinsloo, "Adv. E.G. Jansen se leiersrol in die Natalse Nasionale Party in die tydperk 1915-1924", *Historia,* 37(1), 1992, pp. 76,77 vir 'n bondige lewenskets.

> Wat 'n diepe verlange is daar partymaal in die hart om in 'n Afrikaner omgewing te wees! En tog is dit of die oortuiging altijd bij mij is dat mij plig lê hier.[7]

Adv. Jansen het ook die noodsaak om leiding in hierdie omstandighede te neem soos volg verduidelik:

> Daar was altyd 'n neiging by die Hollandssprekende mense van Natal om pad te gee op die plase en pad te gee op taalgebied.[8]

Volgens hom het die Afrikanerkinders met die gewoonte om Engels te praat, Engelse maniere "uit te haal" en met Engelse name te spog, grootgeword. Hy was van mening dat die Tweede Vryheidsoorlog die Afrikaners wakkergeskud het, hierdie bogenoemde modegiere beëindig en hul selfbewussyn geprikkel het:

> Die selfbewustsijn als volk is een van die weinige goeie vrugte wat die hollandsprekende mense toegekom het uit die wrede oorlog ... Baie mense het gevoel gekrij vir hul eige taal ... Debatsverenigings is oorals gestig geworde. Poginge is aangewend geworde om meer hollands in die onderwijs van kinders te krij ... en sedert die oorlog het hollands tamelik veld gewin.[9]

Hierdie oorheersende posisie van Engels teenoor Hollands/Afrikaans in Natal het gevolglik die Afrikaners genoop om voor en na uniewording onverpoos vir die gelykwaardige erkenning van hul taal te stry. In hierdie opsig was hulle deelgenote aan 'n kulturele ontwaking wat na 1902 landwyd in Afrikanergeledere plaasgevind het. Dit is in hoofsaak deur Milnerisme en die doelbewuste verengelsingsbeleid geïnspireer. Hierdie kulturele oplewing is deur Afrikanerkultuurleiers, politici, skrywers, joernaliste en digters wat hul toevlug tot die taal, geskiedenis en godsdiens geneem het, gelei.

Hierdie merkwaardige kulturele ontwaking is deur 'n drieledige proses met 'n bepaalde ontwikkelingsvolgorde voltrek. Die eerste terrein waar die Afrikaner se eie aard op georganiseerde wyse ontwikkel het, was die onderwysgebied. Die politiek was die tweede terrein waarop die Afrikaner hom toegespits het. In die georganiseerde stryd vir die behoud en ontwikkeling van die Afrikaner se geestelike goedere het 'n derde terrein mettertyd herontwaak en ontwikkel. Dit het om die sogenaamde taalstryd gewentel en was daarop gemik om Afrikaans in Natal te vestig. 'n Aspek van hierdie derde terrein word in dié artikel bespreek.

Die bogenoemde drieledige proses het landwyd die ontluiking van 'n kulturele bewussyn tot gevolg gehad. Dit het in die kerklike en geestelike ywer vir die opheffing van die Afrikaner, die oprigting van Christelik-nasionale onderwysskole (CNO-skole), die geskrifte en pennevrugte van skrywers, redakteurs en digters, en in 'n aktiewe veldtog deur die voorstanders van Afrikaans, om dit nie slegs as spreektaal nie, maar ook as skryftaal te vestig, uiting gevind. Hierdie ontwikkelende taalbevorderingsproses het meestal om gesellige byeenkomste van verenigings en organisasies, soos debatsverenigings, Christelike Jongeliedeverenigings, toneelgeselskappe, die Suid-Afrikaanse Akademie en Waaksaamheidskomitees, die Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende en die

---

7. Instituut vir Eietydse Geskiedenis (hierna INEG), UOVS, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, lêer 273: persoonlike ontboeseming, 20-10-1919.
8. *De Afrikaner*, 6-2-1917: berig.
9. *De Afrikaner*, 6-2-1917: berig.

Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge gewentel, waarin die Natalse Afrikaner saamgesnoer is.[10]

Die debatsverenigings, as Engelse kultuurinstelling, is in 1865 in Kaapstad gestig. Sedert 1869 is hierdie verenigings in Stellenbosch 'n Suid-Afrikaanse karakter gegee.[11] Bun Booyens het die rol en invloed van die CJV's en debatsverenigings soos volg gestel:

> Tussen die jare 1840 en 1940 was hierdie verenigings die brand- en ligpunte in die sosiale, kulturele, geestelike en intellektuele milieu waarin ons mense gelewe en ons volksaard gestalte aangeneem het. Gesamentlik was hulle ons leke-universiteit, die plek en geleentheid tot selfopvoeding en geestestoerusting en -verfyning.[12]

Teen die agtergrond van hierdie landwye fokus word daar vervolgens op die Natalse situasie gelet. In vergelyking met die vele Victoriaanse kweekplekke wat die Engelssprekende Nataller se Britsheid voortdurend versterk het, het die kulturele oplewing van die Natalse Afrikaner vanuit Pietermaritzburg momentum gekry. Dit was veral die redakteur van *De Afrikaner,* mnr. J.S.M. Rabie, wat hierdie ontluikende kulturele bewussyn op nasionale vlak deur middel van sy blad in Natal ingedra het.

*De Afrikaner* het die kern van die bogenoemde kulturele ontwaking op 'n oortuigende wyse by sy lesers tuisgebring. Mnr. Rabie het enersyds sy volksgenote se volksgevoel geprikkel:

> Er is een ontwaking op velerlei gebied in ons land ... wij Afrikaners waren, over het algemeen gesproken, ons niet bewust van onze roeping en bestemming als natie. Wij beseffen onze grote verantwoordelikheden voor een groot deel zelfs nu nog niet.[13]

Hy het andersyds die taalliefde van die Natalse Afrikaners soos volg aangewakker:

> Afrikaners, hou reg, praat en schrijf Hollands, leer ook Engels, want dan kom julle bij die Engelse mense ook reg; maar behou julle taal en julle zelf, eer en help mekaar...[14]

Sy standpunt oor 'n vereenvoudigde skryfwyse was dat dit:

> een eersten stap op de weg de leiden moet tot vestiging van een eigen Zuid-Afrikaanse taal en letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of niets.[15]

Op hierdie wyse is Natalse Afrikaners tot deelname aangespoor waardeur die weg vir georganiseerde optrede gebaan is. Daar was egter drie taalvorme waarmee Afrikaners rekening moes hou en wat in 'n sekere sin vir hulle 'n driestryd ingehou het.

---

10. G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal* (Pretoria, 1933), p.121.
11. B. Booyens, *"Ek heb geseg!": die verhaal van ons Jongeliede- en debatsverenigings* (Kaapstad, 1983), pp. 14-20.
12. B. Booyens, *"Ek heb geseg!": die verhaal van ons Jongeliede- en debatsverenigings* p. 12.
13. *De Afrikaner,* 7-12-1905: hoofartikel.
14. *De Afrikaner,* 13-7-1905: hoofartikel.
15. *De Afrikaner,* 20-1-1905: hoofartikel; G.S.Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal,* p. 106.

Eerstens was daar Hollands waarmee hulle rekening moes hou. Komende uit diep godsdienstige gesinne het die kerk in 'n sekere sin die bolwerk van die Hollandse taal gevorm. Hierdie eerbiedwaardige beklemtoning van Hollands is meestal sonder teëspraak gehandhaaf.

Tweedens was daar die magnetisme van die Engelse taal. Die meeste Afrikaners is in Engels opgelei, of het in 'n Britse werksomgewing met 'n gevestigde en oorweldigende Engelssprekende bevolking geleef.[16] Die meeste Afrikaners kon ook ooreenkomstig die geldende gebruik slegs Engels as taal gebruik het.[17]

Afrikaans as spreek- én skryftaal was die derde taalvorm waarmee rekening gehou moes word. Hoewel dit die Afrikaner se huistaal was, was die bevordering van Afrikaans as skryftaal in eersgenoemde twee taalkringe as 'n rewolusionêre dwaasheid gesien. Vir dié Afrikaners wat Afrikaans as alternatiewe taalmedium gebruik het, het die taalkeuse tussen Engels én Hollands én Afrikaans gelê, met die opvatting dat Afrikaans mettertyd die stryd teen Hollands sou wen.

Soos elders in die land was die taal die speerpunt van die Natalse Afrikaner se kultuurstryd. Die tydsgees, die entoesiasme van 'n klein leiersgroepie in Afrikanergeledere, asook mnr. Rabie se pleidooie in *De Afrikaner* het sedert 1906 die behoefte aan 'n georganiseerde kweekplek vir die ontwikkeling van kultuurgoedere, naamlik 'n debatsvereniging, al hoe groter gemaak. Hoewel die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekendes alreeds in 1906 'n tak van die Boerevereniging gestig het om hoofsaaklik hul politieke belange te behartig, het die ideaal om 'n debatsvereniging te stig eers in 1908 in hul geledere gerealiseer.

## Die Pietermaritzburgse debat en letterkundige vereniging (PDLV)

### *Stigting*

Die idee om debatsverenigings in Natal te laat herleef soos dit voor die Tweede Vryheidsoorlog bestaan het, is in 1906 deur mnr. Rabie bepleit.[18] Hoewel die Boereverenigings gedurende hierdie jaar weer ontwaak het, sou daar bykans twee jaar verloop voordat genoegsame belangstelling op die terrein van die Natalse Afrikaner se volkslewe ontwikkel het.

Aan die begin van 1908 het mnr. B.I. Vorster (die mede-eienaar van *De Afrikaner)* en 'n paar ander Afrikaners planne beraam om 'n debatsvereniging in Pietermaritzburg te stig. 'n Afvaardiging, gelei deur mnr. Vorster, het adv. Jansen by sy werkplek oor die saak gespreek. Hy het op daardie stadium so pas sy eie prokureursbesigheid in Galwaylaan begin. Hy was bra skepties oor die lewensvatbaarheid van so 'n vereniging:

> Ik werd gevra om ook te help en hoewel ik maar baie twyfelachtig was of dit 'n sukses sou wees, en dit ook gesê het, toch het ik my beste hulp aan die beweging beloof. Ik wis toen nog nie wat onse mense, vooral die dames, kon uitvoer als hulle maar net wou.[19]

---

16. *De Afrikaner*, 15-7-1909: berig.
17. G.S. Nienaber, 'Ernst George Jansen', *Jaarboek van de Maatschappij der Nerderlandse letterkunde te Leiden, 1961-1962*, pp. 183-185; *Dagbreek en Sondagnuus*, 29-11-1959: berig.
18. G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal*, p. 111.
19. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die Debatsvereniging, 25-10-1913; kyk ook *Die Natalse Afrikaner*, 9-1-1940: berig.

Tydens hierdie besoek het hierdie paar persone besluit om 'n stigtingsvergadering vir so 'n debatsvereniging te belê. Op Saterdag 29 Februarie 1908 (skrikkeldag) het 16 Afrikaners in stortreën rondgeskarrel om 'n groot genoeg vergaderplek te kry. In die eetkamer van ds. G.M. Pellissier se pastorie, het adv. Jansen, ds. Pellissier en mnr. Vorster die stigting van 'n debatsvereniging bepleit.

Adv. Jansen het die vergadering in Afrikaans toegespreek en die nut van die vereniging uiteengesit. Hy het die hoop uitgespreek dat die deelname aan die vereniging alle lede sou bekwaam totdat hulle, sê na 'n jaar, hulle vlot in Hollands kon uitdruk. Hy het met ds. Pellissier saamgestem dat die jonger lede meer selfvertroue sou verkry om Hollands te praat, deur aan die besprekings deel te neem. Ds. Pellissier se stigtingsmotivering het daarop berus dat 'n debatsvereniging die lede vrymoedigheid sou gee om hulle in Hollands uit te druk:

> De Hollandse Afrikaners hadden behoefte aan een ontwikkeling van onze taal, die nog achterlik was.[20]

Op voorstel van ds. Pellissier is besluit om 'n Debat en Letterkundige Vereniging te stig. Ds. Pellissier is as erevoorsitter gekies, waarop dr. Vrolik (die nuwe redakteur van *De Afrikaner)* bygevoeg het dat die predikant van die NG kerk van Pietermaritzburg altyd erevoorsitter moes wees. Die verkiesing van bestuurslede het per stembriefies geskied en adv. Jansen is met 'n meerderheid van vyf stemme as die eerste voorsitter verkies. Die res van die bestuur het uit A. Otgaar as ondervoorsitter, B. Vorster as sekretaris en J. Hershensohnn en A. Wolhuter as addisionele lede, bestaan.[21]

Die debatsvereniging sou nie net die taalkultuur in Pietermaritzburg lewendig hou nie, maar ook nuwe kultuurpatrone in die leefwyse van die Pietermaritzburgse Afrikaanssprekendes en in Natal vestig.

Vir die Afrikaners in die Natalse hoofstad het die debatsvereniging as 'n gesellige sosiale en naskoolse opleidingsentrum gedien. Oud en jonk het een aand per maand op 'n georganiseerde wyse in 'n gesellige atmosfeer deurgebring. Hulle het mekaar met voordragte, sang, musiek, samesprake, toesprake, letterkundige voorlesings, humoristiese staaltjies, debatte, toneelstukkies, en die gewilde *Joernaal* (waarin lede hul in mekaar se skryftalent verlustig het) vermaak. 'n Hele geslag jongmense het hul taalvaardigheid en welsprekendheid op so 'n natuurlike wyse ontwikkel.[22]

Die geesdrif waarmee die vereniging ondersteun is, die belangstelling van die lede en die hoë gehalte van die programme, het getoon dat die PDLV wel in 'n behoefte voorsien het. Die algemene gees en gesindheid van die lede het ook die lewensvatbaarheid van die debatsvereniging gedemonstreer.[23] Divoorsitter was verheug oor die belangstelling wat die Pietermaritzburgse Afrikaners in die debatsvereniging getoon het.[24] Veral die dames het die vergaderings in groot getalle bygewoon. Bykans die helfte van die PDLV se ledetal, wat tussen 35 en 45 lede gewissel het, het uit dames bestaan.[25]

---

20. *De Afrikaner*, 2-3-1908: berig en hoofartikel.
21. *De Afrikaner*, 2-3-1908: berig; INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.*
22. INEG, Saamwerk-Unieversameling, lêer 4/1/1/1: P.C. Schoonees, *'n Terugblik*, ongedateer.
23. *De Afrikaner*, 17-3-1908: berig; *De Afrikaner*, 13-4-1908: hoofartikel en berig.
24. *De Afrikaner*, 13-4-1908: berig.
25. G. Besselaar, *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur*, p. 59; kyk ook *De Afrikaner*, 17-3-1908, 13-4-1908, 21-5-1908, 25-3-1909, 22-4-1909, 3-9-1909, 28-2-1910, 20-31911, 25-5-1911, 22-2-1912: berigte.

Op dié wyse het die PDLV nie net aan sy stigtingsdoel (om die taal te bevorder en Afrikaners saam te snoer) beantwoord nie, maar sy invloed ver buite Pietermaritzburg laat geld. Deur hierdie vereniging het die voorsitter, adv. Jansen, verteenwoordiging op die Suid-Afrikaanse Akademie bekom. Die vereniging het ook 'n sogenaamde "kultuurjunta" in Pietermaritzburg byeengebring. Die groepie het nie net Natal se eerste kultuurfederasie (dit is die Saamwerk-Unie) van stapel gestuur nie, maar hulle het as gevolg van die onverwagte landwye belangstelling in hul taaleksamens Afrikaners dwarsoor Suid-Afrika geleer Afrikaans skryf.

*E.G. Jansen se voorsitterskap*

Adv. Jansen se rol in die vereniging word in die konteks van die PDLV se werksaamhede en gevolglike kultuurpatrone wat die vereniging gevestig het, bespreek. Hy was vir sewe en 'n half jaar die voorsitter en spil waarom die vereniging gedraai het. Vir die eerste vier jaar het hy onafgebroke as voorsitter gedien. Hiernaas het hy ook sy volle gewig by die aktiwiteite van die vereniging ingegooi. Sy goeie stem en styl het hom 'n kranige debatteerder en voordragkunstenaar gemaak. Hy het ook as pianis en koorlid applous van sy medelede ontvang.

Sy voorsitterskap het 'n stimulerende uitwerking op die vereniging gehad. Afgesien van twee kritiese opmerkings van mnre. Vorster en Gert Nel, het adv. Jansen se diensrekord in die vereniging die teendeel bewys. Mnr. Vorster het gekla dat adv. Jansen nie vir hóm, Vorster, na behore vir sy rol in die vereniging erkenning gegee het nie.[26] Mnr. Nel het op sy beurt gekla dat hyself vir sekere bestuursposte in die Afrikaanssprekende organisasies oor die hoof gesien word.[27] Hierteenoor moes adv. Jansen gedurende die eerste vier jaar van die vereniging se bestaan, as voorsitter, in alle opsigte die leiding neem. Dit het nie net hoë eise aan hom gestel nie, maar ook sy bekwaamhede op 'n spontane wyse ten toon gestel, ontwikkel en homself in 'n leiersposisie in sy gemeenskap gevestig.

Adv. Jansen se voorsitterskap van die vereniging word deur werk van 'n hoë gehalte gekenmerk. Hy was seker een van die beste voorsitters wat die vereniging gehad het. Die feit dat hy by meer as een geleentheid na die voorsitterstoel teruggeroep is om die vereniging reg te ruk, het ook die lede se vertroue in hom getoon. Mense het spontaan sy raad en leiding versoek. Die feit dat hy vir soveel jare met onvermoeide ywer die vereniging deur sy vestigingsfase gelei het, het grootliks tot die lewenskragtigheid en invloedrykheid van die vereniging bygedra. Hy het nie net as getroue leidsman opgetree nie, maar ook die beslag vir ordelike vergaderings, goeie jaarprogramme, 'n geskikte vergaderplek, en spontane maar tog opbouende samesyn gelê. Hy het entoesiasme gewek, maar ook berispe en vermaan as die lede laks geword het. Sy leierskapsrol word deur sy deelname aan die werksaamhede van die vereniging geïllustreer.

*Die eerste dekade van die PDLA se werksaamhede*

Die vereniging se eerste vergadering op 14 Maart 1908 is deur 63 persone bygewoon. Die konsepreglement wat die bestuur vir bespreking voorgelê het, is aanvaar. Dit is in Hollands opgestel, die taal wat algemeen in gebruik was, hoewel die meeste lede ten gunste van Afrikaans was. Die naam van die vereniging is as die Debat en Letterkundige Vereniging vasgestel, en in die algemene omgang is daarna verwys as De Pietermaritzburg Debat en

26. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: brief B.I. Vorster aan die Sekretaris, 27-10-1913.
27. INEG, E.G. Jansenversamding, lêer 278: brief G.L. Nel aan Jansen, 17-12-1915.

Letterkundige Vereniging. Die doel van die vereniging was die bevordering van

> de Hollandse taal, door't lezen van de werken van Hollandse schrijvers, zowel Nederlandse als Vlaamse en Afrikaanse, aan te moedigen, voordrachten te houden, belangrijke kwetsies te bespreken... en de vriendschappelike omgang van de alhier wonende Hollandssprekendes.[28]

Die reglement het onder meer bepaal dat die ledegeld 5s. per jaar vir volwassenes en 2s.6d. vir lede onder 20 jaar sou wees. Daar moes minstens een vergadering per maand gehou word en die bestuur (mans) is op 'n algemene jaarvergadering gekies wat daarna dameslede moes koöpteer. Die vereniging het met 38 lede sy beslag gekry.[29]

Een van die eerste probleme wat die vereniging gehad het, was om 'n geskikte vergaderplek met 'n goeie klavier te verkry. Die debatsvereniging se eerste twee vergaderings is in die Natal Creamery se saal gehou.[30] Die redelike groot saal was veral om twee redes nie as vergaderplek geskik nie. Enersyds het net 'n paar skerms die vergaderplek geskei van die lokaal waar die publiek bedien is.[31] Andersyds was die koste vir die huur van die saal (10/- per aand) en die klavier (10/- per aand) vir die pasgestigte vereniging te duur.[32]

Vanaf 16 Mei tot 19 Augustus 1908 het die vereniging in 'n kamertjie in Perks Teekamers in Langemarkstraat vergader.[33]

Die soeke na 'n geskikte vergaderplek is in September 1908 tydelik beredder. Mnr. J.H. Crowden, die tesourier van die Steward Trust Committee wat in beheer van die Wesleyaanse kerksaal in Boshoffstraat was, het gereël dat die vereniging die saal as vergaderplek kon gebruik.[34] Hulle het slegs verwag dat die PDLV die koste vir die elektrisiteitsverbruik sou betaal en 'n klein fooi aan die opsigter moes gee.[35] Die vereniging het vanaf 19 September 1908[36] in hierdie kerksaal byeengekom, totdat hulle in 1913 in die NG kerksaal (Gedenksaal) kon vergader.[37] Tydens die vereniging se laaste vergadering in die Wesleyaanse kerksaal het adv. Jansen 'n mosie van dank voorgestel. Hierin is die Steward Trust Committee vir die vyfjaarlange gebruik van die kerksaal hartlik bedank.[38]

---

28. *De Afrikaner*, 17-03-1908: notule van vergadering, 14-03-1908.
29. *De Afrikaner*, 17-3-1908: notule van vergadering, 14-3-1908; INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939*; kyk ook *De Afrikaner*, 28-2-1910: notule van jaarvergadering, 19-2-1910: INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278, reglement, s.j.
30. *De Afrikaner*, 17-3-1908: notule van vergadering, 14-3-1908; *De Afrikaner*, 13-4-1908: notule van vergadering, 10-4-1908.
31. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.*
32. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die Debatsvereniging, 25-10-1913; INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: brief Natal Creamery aan Jansen, 13-3-1908.
33. *De Afrikaner*, 21-5-1908: notule van vergadedng, 16-5-1908; *De Afrikaner*, 27-8-1908: berig.
34. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: brief Crowden aan Jansen, ongedateer; INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: brief Jansen aan Crowden, 12-10-1908.
35. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 1939.*
36. *De Afrikaner*, 24-9-1908: notule van vergadering, 19-9-1908.
37. *De Afrikaner*, 11-9-1913: berig.
38. *De Afrikaner*, 2-10-1913: notule van vergadering, 20-9-1913.

Hoewel die vereniging na 1908 in 'n behoorlike saal gehuisves is, het die behoefte aan 'n eie saal steeds by lede van die vereniging bestaan.

In die gehuurde saal was dit ook onmoontlik om al die doelstellings van die vereniging na behore tot uitvoer te bring, soos byvoorbeeld om 'n biblioteek tot stand te bring. Nadat die Voortrekkerkerk (Geloftekerkie) teruggekoop is, het baie lede van die vereniging die idee voorgestaan dat dit as vergaderplek gebruik moes word. Die kerkie is egter op 16 Desember 1912 deur die Unieregering as Voortrekkermuseum in bewaring geneem, en die idee om 'n eie saal te bou het al meer veld gewen.[39]

Gedurende April 1913 het adv. Jansen die lede van die vereniging aangemoedig om die saalboukwessie met woord en daad te ondersteun.[40] Die stukrag wat in dié verband van die vereniging uitgegaan het, was vir die saalboukwessie van deurslaggewende belang.[41] Hierdie aktiewe vereniging het nie net die behoefte aan 'n gemeenskapsaal op die spits gedryf nie, maar ook die helfte van die boukoste se rente gewaarborg.[42] Op 'n gemeentevergadering van die NG kerk (Voortrekkergemeente) is besluit om 'n saal te bou. Die boukommissie het uit ds. Pellissier (voorsitter), mnr. Vorster (sekretaris), adv. Jansen, mnre. Nel en J. Short bestaan.[43] Die gemeentelede was met die moontlike uitsondering van mnr. Short, almal aktief by die debatsvereniging betrokke. Onder die energieke leiding van mev. ds. De Beer,[44] die voorsitster van die sustersvereniging, is deur middel van basaars groot somme geld ingesamel.[45] Die Gedenksaal se hoeksteen is op 7 Augustus 1913 deur die oudste gemeentelid, mnr. J.F. Keytel, gelê.[46] Ds. J.D. Kestell het die saal op 4 Oktober 1913 met 'n plegtige rede ingewy.[47]

Op 25 Oktober 1913 het die debatsvereniging die kerksaal wat as die Gedenksaal bekend gestaan het, tydens 'n sosiale geleentheid in gebruik geneem.[48] Adv. Jansen het by die geleentheid ds. Pellissier, sy kerkraad en ander betrokkenes vir hierdie fasiliteit bedank. Hy het veral op die taak en roeping van die vereniging klem gelê. Na die bereiking van die lang gekoesterde ideaal om in hul eie saal te vergader, het hy die vereniging aangemoedig om hul doelstellings voortaan vollediger uit te leef:

> Vir die eerste is nodig dat 'n biblioteek aangeskaf worde, wat nie kon gedaan word voor daar 'n plek was waar die boeke bewaar kon worde; en om vriendskappelike omgang aan te moedig is dit nodig om meer dan een maal in die maand te vergader en ook dat vergaderinge van verskillende aard gehou word. Ik vertrouw dat dit nie meer lank sal duur of ons het 'n behoorlike biblioteek en ook dat ons verschillende byeenkomste sal kan invoer om mense meer met mekaar bekend te maak. Maar laat ons bovenal degelik te werk gaan. Die lede van onse vereniging moet daar op gesteld

39. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die Debatsvereniging, 25-10-1913.
40. *De Afrikaner*, 28-4-1913: notule van vergadering, 19-4-1913.
41. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: brief B.I. Vorster aan die Sekretaris, 27-10-1913.
42. *De Afrikaner*, 29-5-1913: notule van vergadering, 17-5-1913.
43. *De Afrikaner*, 17-7-1913: berig.
44. Mev. De Beer was die vorige leraar, ds. E.Z. de Beer, se vrou. Hy was tot 1908 predikant, waarna ds. G.M. Pellissier tot 1918 leraar was. Kyk T.V. Bresler, 'Predikante van die Geloftekerkie en Voortrekkerkerk', P.W.J. Groenewald en T.V. Bresler, *Gedenkboek: herbevestiging van die Gelofte*, (Pietermaritzburg, 1955), p. 61.
45. *De Afrikaner*, 4-8-1913, 11-12-1913: berigte; *De Afrikaner*, 1-6-1914: hoofartikel.
46. *De Afrikaner*, 4-8-1913,14-8-1913: berigte.
47. *De Afrikaner*, 9-10-1913: berig.
48. *De Afrikaner*, 20-10-1913: berig.

> wees om in alles wat hulle doen die beste te gee wat in hulle is. Ons kan trots wees op die verlede van die Vereniging maar ons moet nie tevrede wees daarmee. Daar moet vooruitgang wees.[49]

Vir vier jaar het dié vrygesel die debatsvereniging sonder voorbehoud gedien. Tydens die vereniging se jaarvergadering op 17 Februarie 1912 het hy gesê dat hy hoop die

> aanwezigen niet te veel van hem zouden verwachten door de omstandighede waaronder hij verkeerde.[50]

Hy was nie weer as voorsitter beskikbaar nie. Die rede hiervoor was natuurlik sy troue met mej. Mabel Pellissier en hulle gepaardgaande huis opsit.

Mabel Pellissier het in Januarie 1910 aan die Girls Collegiate School in Pietermaritzburg begin skoolhou.[51] In Februarie 1910 het sy 'n vergadering van die debatsvereniging bygewoon en is dadelik op die bestuur verkies.[52] Sy het gedurende 1910 en 1911 die *Joernaal* van die vereniging behartig. Sy het by verskeie geleenthede aan die programme deelgeneem: klaviersolo's gelewer,[53] aan debatte deelgeneem,[54] en 'n lesing oor 'n Vlaamse digter gelewer.[55]

Gedurende 1912 het adv. Jansen en prof. G. Besselaar, 'n taalkundige aan die Pietermaritzburgse Universiteitskollege en ewe aktiewe lid van vele kultuurliggame, dus bestuursposte geruil. Na 'n ononderbroke voorsitterskap van vier jaar, waarin adv. Jansen die vereniging suksesvol deur 'n vestigingsperiode gelei het, is hy as ondervoorsitter gekies.[56]

Op 22 Februarie 1913 is adv. Jansen in sy afwesigheid weer as voorsitter van die vereniging gekies.[57] Hoewel hy op 19 April 1913 vir die eerste keer die jaar 'n vergadering kon lei,[58] was die vereniging gedurende die jaar besonder aktief.

Gedurende Mei 1913 het adv. Jansen die inisiatief geneem om die vereniging te aktiveer om as gashere en gasvroue vir die vierde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie wat vanaf 2-5 Julie 1913 in Pietermaritzburg sou plaasvind, op te tree.[59] Die samesyn en program van hoogstaande gehalte tydens die jaarlikse sosiale aand gedurende Junie, het vir een van die suksesvolste byeenkomste in die vereniging se bestaan gesorg. Adv. Jansen het 'n spesiale woord van waardering tot die deelnemers van die program gerig.[60]

Hy het ook die saalboukwessie gedurende die jaar suksesvol help deurvoer. Die vereniging het gulhartig aan die projek meegehelp. Adv. Jansen en ander lede het op die

---

49. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: Jansen se voorsittersrede tydens die ingebruikneming van die Gedenksaal deur die Debatsvereniging, 25-10-1913.
50. *De Afrikaner*, 22-2-1912: notule van vergadering, 17-2-1912.
51. INEG, Klankargief, kasset 4 en 5, Onderhoud: mev. M.M. Jansen, 1969.
52. *De Afrikaner*, 28-2-1910: notule van jaarvergadering, 19-2-1910.
53. *De Afrikaner*, 17-8-1911: berig.
54. *De Afrikaner*, 17-8-1911: berig.
55. *De Afrikaner*, 15-9-1914: berig.
56. *De Afrikaner*, 22-2-1912: notule van jaarvergadering, 17-2-1912.
57. *De Afrikaner*, 27-2-1913: notule van jaarvergadering, 22-2-1913.
58. *De Afrikaner*, 28-4-1913: notule van vergadering, 19-4-1913.
59. *De Afrikaner*, 29-5-1913: notule van vergadering, 17-5-1913.
60. *De Afrikaner*, 9-6-1913: berig.

boukommissie gedien,[61] mev. Jansen en andere het 'n reuse basaar gereël[62] en lede van die vereniging was met die hoeksteenlegging[63] en inwydingseremonie behulpsaam.[64]

Dit wil voorkom asof adv. Jansen na die woelige jaar so 'n ruskansie geneem het. Hy en prof. Besselaar het weer eens bestuursposte geruil. Vir die 1914 ampstermyn is prof. Besselaar as voorsitter en adv. Jansen as ondervoorsitter verkies.[65]

Aan die einde van daardie jaar het die debatsvereniging 'n kortstondige laagtepunt in sy geskiedenis bereik en dit het die vrees laat ontstaan dat die PDLV onder sulke omstandighede tot niet sou gaan. Prof. Besselaar se vader is in Nederland oorlede en in die omstandighede is die bejaarde ds. F.Z. de Beer as waarnemende voorsitter van die vereniging gekies.

Die Eerste Wêreldoorlog het ook 'n onrustigheid in die gemeenskapslewe veroorsaak en die vereniging se vergaderings beïnvloed. Sommige lede het oorlogsdiens verrig en hiernaas het die vele fondsinsamelingsfunksies wat ten behoewe van die oorlog gehou is, heelwat nuwe vermaaklikheidsgeleenthede geskep. Die debatsvereniging het om hierdie rede vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n vergadering (7 November 1914) afgelas.[66] In *De Bode*[67] is die Afrikaners aangemoedig om die debatsverenigings, as opleidingsentrums, nie te laat kwyn nie, maar met alle moontlike steun in stand te hou.[68]

Die PDLV het sy sewende jaarvergadering op 27 Februarie 1915 gehou. Hoewel die vereniging sedert 28 Maart 1914 vir 'n paar maande twee vergaderings per maand gehou het, en hulle aksies soos die biblioteek, koor, toneel, debat en vaderlandse geskiedenis goed ondersteun het,[69] het die lede traerig voorgekom.

In dié omstandighede is adv. Jansen weer as voorsitter vir die 1915 ampstermyn verkies.[70] Hoewel die vereniging nege vergaderings gedurende die jaar gehou het wat deur gemiddeld 45 lede per vergadering bygewoon is, het adv. Jansen se politieke loopbaan sy plaaslike gemeenskapsbetrokkenheid aan bande gelê. Die rede hiervoor was dat hy in die 1915 verkiesing, as Nasionale Party kandidaat, die Umvotikiesafdeling bestry het.[71]

Prof. Besselaar het in 1916 weer die voorsitterstoel van die vereniging ingeneem. Adv. Jansen is as addisionele lid op die bestuur verkies,[72] maar hy het op 26 Augustus bedank.[73]

Daar was tekens dat die debatsvereniging sy lewenskragtigheid en aantrekkingskrag begin verloor het. Die jaarvergadering op 24 Februarie 1917 is deur slegs 30 lede en besoekers bygewoon terwyl 26 lede nog nie hul jaargeld betaal het nie.[74] Adv. Jansen is weer as voorsitter vir die 1917-termyn gekies. Prof. Besselaar is as ondervoorsitter en mev.

---

61. *De Afrikaner*, 17-7-1913: berig.
62. *De Afrikaner*, 4-8-1913: berig.
63. *De Afrikaner*, 14-8-1913: berig.
64. *De Afrikaner*, 9-10-1913: berig.
65. *De Afrikaner*, 5-3-1914: notule van jaarvergadering, 28-2-1914.
66. *De Afrikaner*, 1-12-1914: notule van vergadering, 24-11-1914 en berig.
67. Dit was 'n godsdienstige en kulturele halfmaandelikse nuusblad wat vanaf Junie 1914 tot Mei 1915 in Pietermaritzburg uitgegee is; vgl. G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal*, p. 216.
68. *De Bode*, 1-2-1915, p. 271; kyk ook *De Afrikaner*, 9-2-1915: berig.
69. *De Afrikaner*, 2-4-1914, 23-4-1914, 2-6-1914, 23-6-1914, 28-8-1914: berigte; *De Bode*, 1-7-1914, p. 48; 1-9-1914, p. 101; 15-9-1914, p. 119; 15-11-1914, p. 185.
70. *De Afrikaner*, 5-3-1915: notule van jaarvergadering, 27-2-1915; *De Bode*,1-3-1915, p. 301.
71. *The Greytown Gazette*, 20-8-1915: political manifest.
72. *De Afrikaner*, 29-2-1916: notule van jaarvergadering, 19-2-1926.
73. *De Afrikaner*, 5-9-1916: notule van vergadering, 26-8-1916.
74. *De Afrikaner*, 27-2-1917: jaarverslag, 1916; *De Afrikaner*, 9-3-1917: notule van jaarvergadering, 24-2-1917.

Jansen as sekretaresse gekies. Adv. Jansen is vir die eerste keer daadwerklik deur sy vrou op die bestuur bygestaan.[75] Hulle sou in die loop van 1917 nie net hul debatsvereniging regruk nie, maar ook die Saamwerk-Unie, Natal se eie kultuurfederasie, van stapel stuur.

Die debatsvereniging wat sedert sy ontstaan goed deur skoliere en studente ondersteun is, het blykbaar ook nie meer aan die jonger groep se verwagtings voldoen nie. Ds. Pellissier het op Saterdag 3 Maart, 'n groep jongmense in die Gedenksaal byeengebring om uit te vind waarom die oorgrote meerderheid van hulle nie die debatsvereniging ondersteun nie. Die reaksie hierop was baie negatief en daar is

> afkeurende antwoorde uit verskillende dele van die saal gefluister.[76]

Drie sprekers het afkeurend oor die debatsvereniging gepraat wat deur die aanwesiges met applous beaam is. Die gevolg was dat die jongklomp besluit het om 'n Christelike Jongeliedevereniging (CJV) te stig. Sewe en dertig persone het dadelik lede van die CJV geword.[77]

Die CJV het met groot geesdrif sy beslag gekry, terwyl lede van die debatsvereniging die verwikkeling met 'n heimlike vrees dopgehou het.[78] Adv. Jansen het tydens 'n vergadering van die debatsvereniging die stigters van die CJV gelukgewens. Hy het die hoop uitgespreek dat die verenigings nie afbreuk aan mekaar se werksaamhede sou doen nie,[79] en dat die twee verenigings sou saamwerk.[80]

Hoewel die twee verenigings se programme uit dieselfde tipe items bestaan het, is adv. Jansen se besorgdheid oor die botsende belange van die twee verenigings nie bewaarheid nie. Inteendeel, daar het 'n gesonde gees van wedywering ontwikkel wat beide verenigings gestimuleer het, soos uit die bywoningsyfer van albei verenigings blyk. Tussen 50-70 persone het die CJV ondersteun en tot 53 persone het die debatsvereniging se vergaderings bygewoon. Baie gemeentelede soos adv. en mev. Jansen was lede van beide verenigings, waardeur ervaring en entoesiasme wedersyds oorgedra is. Adv. Jansen het tydens die vierde vergadering van die CJV as teenstander van die aand se debatsonderwerp opgetree. Hy het ook die lede van die CJV na die debatsvereniging uitgenooi.[81] Op hul vyfde vergadering het mev. Jansen 'n klaviersolo gelewer en adv. Jansen het aan die besprekings deelgeneem. Die verenigings het mekaar ook ondersteun soos met die inrigting van 'n Hollandse leeskamer in die Gedenksaal en die ontvangs van die afgevaardigdes van die Saamwerk-Unie se stigtingskongres.[82]

Die twee verenigings het op hierdie wyse meer Afrikaanssprekendes betrek en so die omvang en kwaliteit van die kultuurlewe in Pietermaritzburg verbeter.

Dit is opvallend dat die vertwyfeling wat oor die lewenskragtigheid van die PDLV bestaan het, gou afgeskud is. Die PDLV het gedurende 1917 met 'n groot verskeidenheid deelnemers, programme van hoogstaande gehalte en 'n groot verskeidenheid aktiwiteite opnuut weer die lede se entoesiasme gewen. Bekommerde lede van die PDLV was op 17 Maart 1917 verheug oor die groot groep besoekers wat teenwoordig was en het die hoop

75. *De Afrikaner*, 9-3-1917: notule van jaarvergadering, 24-2-1917.
76. *De Afrikaner*, 6-3-1917: berig.
77. *De Afrikaner*, 6-3-1917: berig.
78. *De Afrikaner*, 20-4-1917, 4-5-1917,15-5-1917: berigte.
79. *De Afrikaner*, 23-3-1917: notule van vergadering, 17-3-1917.
80. *De Afrikaner*, 4-5-1917: notule van vergadering, 21-4-1918.
81. *De Afrikaner*, 15-5-1917: notule van CJV-vergadering, 12-5-1917.
82. *De Afrikaner*, 5-7-1917: notule van CJV-vergadering, 26-5-1917; kyk ook *De Afrikaner*, 13-7-1917, 24-8-1917, 17-7-1918, 7-10-1919: berigte.

uitgespreek dat hierdie hernude belangstelling voortgesit sou word.[83] Die bywoningsyfer van ongeveer 50 persone per vergadering gedurende 1917, was 'n verdere bemoedigende teken. Dit het ook geblyk dat die beplanning van die kongres van debatsverenigings die vereniging se prestigewaarde verder verhoog het.[84] Tydens die jaarlikse sosiale aand of jaarlikse fees is die aanwesiges tot halfelf die aand op 'n musiekprogram, verversings en speletjies getrakteer. Speletjies soos "Jaap wil nie lag nie" en "Adam en Eva" het groot byval gevind. Vir bykans twee uur lank het dit in die saal gedreun en gegons van al die opgewonde gelag en vrolikheid.[85]

Ander aktiwiteite wat die lede se moraal verhoog het, is onder meer deur die vereniging se toneelafdeling geloods. Gedurende Junie het hulle 'n toneelstuk van Langenhoven, "Die wêreld die draai", opgevoer. Die aand was 'n reuse sukses. Die Gedenksaal was gepak met toeskouers wat die stuk baie gunstig ontvang het. Boonop het die aand 'n groot wins van meer as £10 opgelewer en die lede was weer vol moed vir die toekoms.[86] Die vereniging het selfs met die hulp van die CJV 'n Hollandse leeskamer in die Gedenksaal begin bedryf.[87]

Na die suksesvolle 1917-termyn is adv. Jansen tydens die 1918-jaarvergadering as ondervoorsitter en mnr. P.C. Schoonees as voorsitter verkies.[88] Die twee het egter op 18 Mei hul poste tydens 'n nuwe bestuursverkiesing omgeruil. Adv. Jansen is as nuwe voorsitter gekies. Dit is asof die lede nie hul jarelange voorsitter in die gehoor wou sien nie. Adv. Jansen het die aand ook as debatsteenstander opgetree. Prof. Besselaar het die debat "Is dit so dat Afrikaners se opvatting van die lewe in sij kern Engels is?" op 'n grappige wyse ingelui. Adv. Jansen het op 'n oortuigende wyse die teendeel aangetoon en met 22 teen 8 stemme gewen.[89]

Twee maande later het die lede nie so oortuigend hul steun in die debat "Is dit wenslik dat meisies en jongetjies saam skool gaan?" daarvoor getoon nie. Daar was 'n staking van stemme en adv. Jansen het vir die eerste keer sy beslissende stem as voorsitter uitgeoefen en vir die inleier gestem.[90]

Die res van die jaar is deur die Spaanse Griepepidemie oorheers en die vereniging se Novembervergadering is afgestel.[91]

Ten tye van die 1918-Dingaansfees wat deur die PDLV, die CJV en die Kerkraad gereël is, het adv. Jansen die aanwesiges aangemoedig om hul tradisies en ideale hoog te hou. Hy het sy toespraak met die volgende woorde afgesluit:

> God gewe dat uw lije en sterwe nie tevergeefs was, maar, dat uw Vrijheids ideaal verwesenlik word.[92]

Hierdie woorde was vir die vereniging sowel as vir adv. Jansen betekenisvol. Gedurende

---

83. *De Afrikaner*, 23-3-1917: notule van vergadering, 17-3-1917.
84. *De Afrikaner*, 23-3-1917: notule van vergadering, 17-3-1917; *De Afrikaner*, 1-6-1917: notule van vergadering, 19-5-1917.
85. *De Afrikaner*, 22-6-1917: notule van vergadering, 15-6-1917.
86. *De Afrikaner*, 26-6-1917: berig; *De Afrikaner*, 29-6-1917: verslag van opvoering, 22-6-1917.
87. *De Afrikaner*, 17-8-1917: Saamwerk-Unie rubriek, (hierdie rubriek in *De Afrikaner* is redaksioneel deur mev. Jansen vir die Saamwerk-Unie versorg).
88. *De Afrikaner*, 15-3-1918: notule van jaarvergadering, 23-2-1918.
89. *De Afrikaner*, 14-6-1918: notule van vergadering, 18-5-1918.
90. *De Afrikaner*, 23-8-1918: notule van vergadering, 17-8-1918.
91. *De Afrikaner*, 12-11-1918: Saamwerk-Unie rubriek.
92. *De Afrikaner*, 20-12-1918: Saamwerk-Unie rubriek.

1918 het drie van die vereniging se stigterslede hul bande met die vereniging gebreek of minder aktief geraak. Gedurende Maart het die NG-gemeente met 'n skok verneem dat hul geliefde leraar, ds. Pellissier, 'n beroep na Dundee aangeneem het.[93] Mnr. John Hershensohnn het in dieselfde maand Provinsiale Sekretaris geword.[94] Selfs adv. Jansen sou gedurende 1918 sy laaste voorsitterskap in die vereniging uitdien.

Sy politieke loopbaan het vanaf 1919 sy betrokkenheid by hierdie debatsvereniging kortgeknip. Gedurende 1919 het adv. Jansen se deelname aan die Vryheidsdeputasie ongeveer sewe maande, vanaf Februarie tot November, in beslag geneem.[95] Hy het in Desember die redakteurskap van *De Afrikaner* oorgeneem.[96] Sy deelname aan die 1920 en 1921 verkiesings het ook baie van sy tyd in beslag geneem. Op 8 Februarie 1921 het hy die Volksraadslid vir Vryheid geword.[97]

*Die aard van die programme*

Die PDLV se programme het 'n wye verskeidenheid items ingesluit wat van 'n hoë gehalte en in ooreenstemming met hul doelstellings was. Die feit word ook in die kommentare in *De Afrikaner* en die hartlike samewerking van die lede weerspieël.[98] Daar het vanaf die staanspoor 'n groepie uithaler deelnemers in die vereniging se geledere ontpop. Hulle het baie vergaderings se sukses verseker.[99] Uit hierdie groepie amateurs het mejj. S. van Rooyen, E. Wolhuter, M. Pellissier, ds. Pellissier, prof. Besselaar, mnre. J. Hershensohnn, Vorster, G. Aveling, W. Pellissier, K. Snyman, A. Wolhuter (jr. en sr.) en adv. Jansen se name gereeld in programme gefigureer.[100]

Adv. Jansen het die lede aangemoedig om aan die programme deel te neem:

> Het is te wensen dat meer van de leden zich er op zullen toeleggen om een of ander deel te nemen in de verrichtingen daar de vereniging dan eerst zyn ware roeping vervult wanneer de leden geleerd worden deel te nemen en vrymoedigheid te komen in het openbaar spreken of voordragen.[101]

Vanaf die eerste vergadering op 14 Maart 1908 het die bestuur die programme so aantreklik as moontlik gemaak. Vir die eerste vergadering is die "bovenzaal" van die Natal Creamery bekom om alle belangstellende Pietermaritzburgse Afrikaners te ontvang.[102] Die Voorsitter kon die aand die aanwesiges met genoeë verwelkom. Hulle is op 'n "welluidende en innemende" sangstuk van mej. Ethel Wolhuter, 'n boeiende voordrag oor

93. *De Afrikaner*, 5-3-1918: berig.
94. *De Afrikaner*, 5-3-1918: plaaslike varia.
95. *De Afrikaner*, 18-2-1919: berig; *De Afrikaner*, 14-11-1919: berig.
96. *De Afrikaner*, 5-12-1919: berig.
97. *De Afrikaner*, 18-2-1921: berig.
98. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939; kyk ook *De Afrikaner*, 17-3-1908, 13-4-1908, 21-5-1908, 27-7-1908, 13-9-1909, 9-6-1913, 23-6-1914, 22-6-1917: berigte; *De Afrikaner*, 13-4-1908, 13-9-1909: hoofartikels.
99. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939.
100. *De Afrikaner*, 11-6-1908, 27-8-1908, 25-2-1909, 25-3-1909, 14-4-1910, 15-12-1910, 13-2-1911, 6-4-1911, 15-6-1911, 17-8-1911, 7-3-1912, 22-8-1912: berigte.
101. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: rapport van de Voorzitter, 19-2-1910; *De Afrikaner*, 23-8-1918: notule van vergadering, 17-8-1918.
102. *De Afrikaner*, 9-3-1908: hoofartikel en berig.

Afrikaans deur ds. Pellissier, 'n klaviersolo deur mej. Jansen, en 'n lewendige debat wat oor die onderwerp "Wie heeft groter invloed op het karakter van het kind, de vader of de moeder?" gehandel het, getrakteer. Adv. Jansen en mnr. Hershensohnn het as inleiers vir hierdie debat ongetree.[103]

Die Natal Creamery het die aanwesiges met ligte verversings en tee getrakteer en daardeur die sosiale deel van die samesyn soveel geselliger gemaak.[104]

Afgesien van die aanloklike verskeidenheid items op elke program, was die jaarlikse sosiale aande groot aantrekkingskragte. In die afwesigheid van ander tipe vermaak was hierdie geselleghede hoog op die Afrikaanssprekende gemeenskap se vermaaklikheidslys. Gedurende sulke geleenthede was die saal gewoonlik opgetooi en stampvol opgeruimde mense.

In die tweede plek het 'n belangrike deel van die vereniging se werksaamhede gewoonlik om die debat gewentel.[105] 'n Professionele debatsprosedure is gou in die vereniging gevestig.[106]

'n Uittreksel uit die vele debatsonderwerpe gee 'n aanduiding van die tipe sake waaroor lede wou debatteer: "Wat is nuttiger, lezen of reizen?"; "Is het wensclik een belasting op ongehuwden mannen te leggen?"; "Is het wensclik dat de vereniging meer dan een vergadering in de maand houde?"[107]; "Wiens werk is het belangrijkste voor't volk, dat van: a) Predikant b) Onderwyser c) Geneesheer?"[108]; "Is dit so dat die Afrikaners se opvatting van die lewe in sij kern Engels is?"[109]

Dit is opvallend dat die bogenoemde "akademiese" tipe debatsonderwerpe in daardie dae groot byval by lede gevind het.[110] Die lewendige deelname aan die debatte het die standpunt bevestig. Dit getuig ook van die suksesvolle implementering van 'n belangrike kultuurpatroon, naamlik dat lede met vrymoedigheid hulle taalvaardigheid en selfvertroue kon ontwikkel.

'n Derde aspek van die PDLV se werksaamhede was lesings en voordragte wat die lede gereeld gelewer het. Hoewel ouer lede soos mnre. Aveling en Hershensohnn uit hul ervaring en herinnering kon put, het die meeste "referente" 'n "studie" oor een of ander onderwerp gemaak. Hierdie "lesings" het oor godsdienstige, historiese, taalkundige, letterkundige en algemene onderwerpe gehandel. Die aanbieding van onderwerpe soos "Natal voor de dagen van de Voortrekkers"[111]; "De Voortrekkers in Natal"[112]; "Bloukrans"[113]; "Pres. Reitz"[114]; "Die Franse Hugenote"[115]; "Die oorsake van die Groot Trek"[116]; en 'n lesing oor die Hollandse digter Jacob Cats[117] het eweneens die

103. *De Afrikaner*, 17-3-1908: notule van vergadering, 14-3-1908.
104. *De Afrikaner*, 17-3-1908: notule van vergadering, 14-3-1908.
105. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939.
106. *De Afrikaner*, 17-3-1908: notule van vergadering, 14-3-1908.
107. *De Afrikaner*, 2-4-1914: notule van vergadering, 28-3-1914.
108. *De Afrikaner*, 28-8-1914: notule van vergadering, 22-8-1914.
109. *De Afrikaner*, 14-6-1918: notule van vergadering, 18-5-1918.
110. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939.
111. *De Afrikaner*, 31-5-1909: notule van vergadering, 15-5-1909.
112. *De Afrikaner*, 15-11-1909: notule van vergadering, 16-10-1909.
113. *De Afrikaner*, 16-2-1911: notule van vergadering, 16-12-1910.
114. *De Afrikaner*, 6-1-1910: notule van vergadering, 10-12-1909.
115. *De Afrikaner*, 13-3-1911: notule van derde jaarvergadering, 18-2-1911.
116. *De Afrikaner*, 29-11-1921: geskiedenisaand, 21-11-1921.
117. *De Afrikaner*, 17-10-1910: notule van vergadering, 17-9-1910.

onverdeelde aandag van lede en toehoorders geniet.

'n Vierde aspek van die PDLV se werksaamhede was die bevordering van die letterkunde en die digkuns. Letterkundige voordragte is gelewer, daar is smaakvol uit verskeie digbundels voorgedra, en daar is uit verskeie skrywers se werke voorgelees.

In September 1908 is 'n kort lewenskets van die digter De Gènestet gelewer waarna een van die digter se gedigte, "Het haantjie van de toren", voorgedra is.[118] Ander gedigte soos "Eenzaamheid", "Afrikanertroos"[119], "Die laaste trek"[120], "Die lied van die ossewa"[121], en die komiese gedig "Pierlala" wat die aanwesiges laat skaterlag het,[122] is ook voorgedra. Die jeugdige Jan Adendorff en adv. Jansen het by geleentheid 'n gedig, "De Prokureur z'n Hond", saam voorgedra. In *De Afrikaner* is berig dat hierdie gedig uitstekend voorgedra is en dat die twee voordraers "onder applaus gingen zitten".[123]

Die lede is ook aangemoedig om digbundels te koop en boekvoorlesings was 'n ewe gewilde item wat uit die keur van die letterkunde geput het. Hierdie aspek het ook ten doel gehad om die lede se leeslus aan te wakker.[124]

Stukke wat onder andere voorgelees is, is passasies uit "Eenvoudige mense" deur J. Lub[125], "Afrikaner wees uzelf" deur Van Wyk[126], en 'n humoristiese stuk uit die boek "De Dochter van de Handsupper" wat die lede uitbundig laat lag het.[127] Daar is ook soms gedeeltes uit die vereniging se Joernaal voorgelees.[128] Die lede is ook aangemoedig om boeke te koop.[129]

'n Vyfde gewilde aspek van die vereniging se werksaamhede was musiek- en sangstukke wat deur lede gelewer is. Dit was vir die lede van die aangenaamste items op elke program.

Adv. Jansen se klaviersolo's is gewoonlik luid toegejuig.[130] Die sangeres van die vereniging, mej. Wolhuter, was 'n ewe gewilde deelnemer aan programme. Haar sangsolo's is by twee geleenthede deur koortjies ondersteun. Die vereniging se eerste vergadering in die Wesleyaanse saal is met 'n uithalerprogram gevier. Mej. Wolhuter het hierdie aand, "een keurig mooi gezongen lied 'Sus mij in slaap"' gesing. 'n Driemanskoortjie bestaande uit mej. Lettie Boshoff, adv. Jansen, en mnr. Wolhuter het saam met haar opgetree.[131] Hierdie soort item is later weer herhaal. 'n Kwartet bestaande uit mev. Van der Westhuizen, prof. en mev. Besselaar, en adv. Jansen, het die refrein vir 'n sangsolo van mej. Wolhuter gesing.[132]

---

118. *De Afrikaner*, 24-9-1908: notule van vergadering, 19-9-1908.
119. *De Afrikaner*, 31-5-1909: notule van vergadering, 15-5-1909.
120. *De Afrikaner*, 13-6-1910: notule van vergadering, 21-5-1910.
121. *De Afrikaner*, 26-8-1909: notùle van vergadering, 21-8-1909.
122. *De Afrikaner*, 27-7-1908: notule van vergadering, 25-7-1908.
123. *De Afrikaner*, 27-7-1908: notule van vergadering, 25-7-1908.
124. *De Afrikaner*, 31-5-1909: notule van vergadering, 15-5-1909.
125. *De Afrikaner*, 21-8-1913: notule van vergadering, 16-8-1913.
126. *De Afrikaner*, 31-8-1917: notule van vergadering, 18-8-1917.
127. *De Afrikaner*, 27-7-1908: notule van vergadering, 25-7-1908.
128. *De Afrikaner*, 21-9-1911: notule van vergadering, 16-9-1911; *De Afrikaner*, 25-5-1911: notule van vergadering, 20-5-1911; *De Afrikaner*, 21-9-1911: notule van vergadering, 16-9-1911: *De Afrikaner*, 2-10-1913: notule van vergadering, 20-8-1913.
129. *De Afrikaner*, 16-10-1914: notule van vergadering, 19-9-1914.
130. *De Afrikaner*, 21-5-1908: notule van vergadering, 16-5-1908; *De Afrikaner*, 27-7-1908: notule van vergadering, 25-7-1908.
131. *De Afrikaner*, 24-9-1908: notule van vergadering, 19-9-1908.
132. *De Afrikaner*, 6-5-1912: notule van vergadering, 27-4-1912.

Ander aspekte van hierdie aktiewe vereniging se werksaamhede het die toneelafdeling,[133] die afdeling vir vaderlandse geskiedenis,[134] die biblioteek en leeskamer,[135] die koor,[136] die speletjiesaande,[137] en die interdebatskompetisie[138] ingesluit.

*'n Evaluasie van die PDLV*

Dit is opvallend dat die PDLV se selfbeeld aanvanklik om onmiddellike sake, soos die bywoningsyfers, die gehalte van programme, die vereniging se aantrekkingskrag vir sy lede en die getroue ondersteuning van die PDLV aktiwiteite gewentel het. Tydens hul vergadering van 18 Junie 1909 het die lede teruggekyk oor hul werksaamhede. Mnr. Hershensohnn het klem op die funksionering van die vereniging gelê.[139] Ds. Pellissier het die vereniging se selfbeeld probeer verruim deur die waarde van die vereniging vir die lede aan te toon.[140] Adv. Jansen het in sy repliek die klem op die getroue ondersteuning van die vereniging se aktiwiteite gelê.[141]

*De Afrikaner* het hierdie eerste pogings wat daarop gemik was om die lede meer bewus te maak van die algemene vormende waarde van die debatsvereniging, 'n stappie verder gevoer. In 'n les in bestuursopleiding is gepoog om die lede tot verbeterde werkverrigting aan te spoor.[142] *De Afrikaner* het ook die opvoedkundige doel en waarde van die debatsverenigings beklemtoon.[143]

*De Bode*, het vanaf 1 Junie 1914 'n reeks artikels oor die verskillende bestuursposte gepubliseer en die debatsverenigings in 1915 as belangrike opvoedkundige sentrums wat aan die lewe gehou moes word, beskryf.[144] Gedurende 1916 het ene Hansie die noodsaaklikheid van debatsverenigings uiteengesit, in 'n poging om weer 'n unie van debatsverenigings van stapel te stuur.[145]

Prof. Besselaar het as akademikus by meer as een geleentheid op 'n deurtastende wyse die opvoedkundige betekenis van debatsverenigings uiteengesit. Hy het die Natallers se beeld oor die honderdjaaroue instelling verruim deur dit in hul internasionale verband te plaas.[146]

Slegs een direkte verwysing na die destydse literatuur oor die werksaamhede van die debatsverenigings is gevind.[147] Die breë doelstellings, werksaamhede en programme van die PDLV stem vergelykenderwys ooreen met 'n handleiding vir Debats- en

---

133. *De Afrikaner*, 28-8-1914, 15-9-1914, 1-12-1914, 5-3-1915, 29-2-1916, 10-4-1917, 26-6-1917: berigte.
134. *De Afrikaner*, 5-3-1915, 12-11-1918: berigte; *De Afrikaner*, 29-11-1921: berig.
135. *De Afrikaner*, 5-5-1915, 4-5-1917, 1-6-1917, 17-8-1917: berigte.
136. *De Afrikaner*, 15-12-1910, 15-6-1911, 17-8-1911, 17-12-1912, 23-6-1914, 5-5-1915, 19-2-1916, 26-4-1918: berigte.
137. *De Afrikaner*, 22-6-1917: berig.
138. *De Afrikaner*, 16-11-1917, 29-10-1920: berigte.
139. *De Afrikaner*, 5-7-1909: notule van vergadering, 18-6-1909.
140. *De Afrikaner*, 12-7-1909: berig.
141. *De Afrikaner*, 5-7-1909: notule van vergadering, 18-6-1909.
142. *De Afrikaner*, 13-9-1909: Onze Debats en Jongelingsverenigingen.
143. *De Afrikaner*, 15-9-1916: hoofartikel.
144. *De Bode*, 1-6-1916, p. 14.
145. *De Afrikaner*, 21-1-1916: berig.
146. *De Afrikaner*, 5-6-1917: berig; *De Afrikaner*, 24-6-1921: notule van die twaalfde jaarvergadering.
147. *De Afrikaner*, 4-7-1924: Saamwerk-Unie rubriek.

Jongeliedeverenigings[148] en die werke van S.J. van der Spuy en H. Redelinghuys wat in hierdie tydperk oor hierdie onderwerp gepubliseer is.[149] Hierdie publikasies het inderdaad as handleiding vir die vereniging gedien.[150]

Volgens adv. Jansen was hulle in die vroeë stadium nie bewus van die goeie werk wat hulle op kultuurgebied verrig het nie.[151] Die PDLV se spontane kultuurbeoefening was op eietydse behoeftes ingestel. Die aktiwiteite wat deur hierdie vereniging geskep is, het gaandeweg 'n leefwyse geword en, retrospektief gesproke, kultuurpatrone gevestig waaruit die Pietermaritzburgse en Natalse Afrikaner se kultuurbewussyn gedy het.

Hierdie aktiewe vereniging het vir meer as 44 jaar die bogenoemde rol vervul. Ten tye van die 29ste jaarkongres van die Saamwerk-Unie in Mei 1946, is daar gerapporteer dat die 48 lede van die PDLV steeds met hul kultuurtaak besig is.[152] Mnr. P. Strydom het die PDLV tydens die 35ste jaarkongres van die Saamwerk-Unie, op 7 en 8 Maart 1952 te Ladysmith, vir die laaste keer verteenwoordig.[153] Die PDLV het waarskynlik na hierdie kongres ontbind, want sedert die 36ste jaarkongres van die Saamwerk-Unie het die vereniging se naam nie weer op die presensielys voorgekom nie.[154]

Adv. Jansen het op 7 Junie 1958 'n erepenning van die Raad van Trustees van die Saamwerk-Unie vir sy diens op kultuurvlak ontvang en met leedwese na die PDLV verwys, wat nie meer bestaan het nie.[155]

---

148. Anon., *De Gezellige: het boek voor idereen veral voor jongelieden*, 3de uitg. (Paarl, 1910), pp. i-iv.
149. S.J. van der Spuy, *Jong Zuid-Afrika voor Debatsverenigingin, Chr. Jongelieden Verenigingin en Dingaansfeesviering* (Paarl, 1913), pp. 4 e.v., 98 e.v., 115 e.v., 183 e.v.; kyk ook H.J.M. Redelinghuys, *'n Nuwe Afrikaanse handboek vir Debats en Christelike Jongeliede Verenigings* (Pretoria, 1923), pp. 3 e.v., 61 e.v., 67 e.v., 97 e.v.
150. B. Booyens, *"Ek heb gezeg!": die verhaal van ons Jongeliede en debatsverenigings*, pp. 72, 74, 80.
151. INEG, E.G. Jansenversameling, lêer 278: E.G. Jansen, *Die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging*, 1939.
152. INEG, Saamwerk-Unieversameling, lêer, 1/2/1/2/1: verslag van die Sekretaris, 29ste jaarkongres, 24-5-1945.
153. INEG, Saamwerk-Unieversameling, lêer 1/2/2/2: presensielys, 35ste jaarkongres,7-3-1952.
154. INEG, Saamwerk-Unieversameling, lêer 1/2/2/2: presensielys, 36ste jaarkongres,3-9-1954.
155. INEG, Saamwerk-Universameling, lêer 3/1/2/1: toespraak van Sy Eksellensie, 7-6-1958.